PR 7 (AFR)

kv/regter

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR SY EDELE REGTER R J GOLDSTONE, VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE

In reaksie op versoeke dat die Kommissie die "taxi oorlog" in Kaapstad moet ondersoek, het die Kommissie besluit dat sy Ondervoorsitter, Advokaat D J Rossouw, SC, samesprekings met alle belanghebbende partye, met inbegrip van die lede van die Vredeskomitee van Kaapstad, sal voer.

Ooreenkomstig die werksaamhede van die Kommissie soos by Wet neergelê, sal Advokaat Rossouw ondersoek instel na en aan die Kommissie verslag doen oor die aard en oorsake van die geweld en intimidasie, of dit gerig is op die bereiking van 'n bepaalde politieke oogmerk, wie by die geweld en intimidasie betrokke is asook watter stappe gedoen moet word om dit te bekamp of te voorkom.

Aangesien verskeie persone en instansies reeds met die ondersoek na en bemiddeling van die aangeleentheid betrokke is, word geen openbare ondersoek in hierdie stadium beoog nie.